

3 Februarie - BELOFTE

Skrifgedeelte: 2 Petrus 3:1-13 (OAV/NAV)

Fokusgedeelte: 2 Petrus 3:13 (OAV/NAV)

Dink hoe baie keer die Here beloftes aan sy kinders gemaak het? Die eerste belofte kry ons in die tuin, die belofte van die Verlosser. Die belofte van versoening met God vir Wie Adam en Eva nou net verwerp het.

Die vraag is: Waarom belowe God? Hy het ons lief. Hy het ons aan Hom gebind. Hy wil sy kinders nie oorgee nie. Daar is iets veel beter wat vir sy kinders wag. Hy verander nie sy raadsplan nie, maar Hy troos sy kinders met sy beloftes om nie uit die geloof uit te val nie. Hy troos hulle met sy beloftes om te volhard tot die einde toe.

Troos gee jou die krag om te dra wat jy moet dra. Die grootste belofte het al in vervulling gegaan: Jesus Christus is gebore, het betaal en het die dood oorwin. Dis die grond van alle ander beloftes in die Ou en Nuwe Testament.

In die teksgedeelte lees ons van een van die groot beloftes van God. Die spotters sê dat God vergeet het en dat alles dieselfde gaan bly, maar God troos sy kinders dat daar 'n nuwe hemel en aarde kom waarop geregtigheid woon.

Wanneer ek vashou aan God se beloftes, word my werklikheid nie verander nie, maar die manier waarop ek na die werklikheid kyk, verander. Dat Christus belowe dat Hy weer sal kom, verander nie nou my omstandighede nie, maar so sorg die Here dat ek 'n kind is van sy belofte. Dat ek 'n mens is wat leef met hoop.

So is ek iemand wat nie leef vanuit my omstandighede nie, maar ek leef vanuit die beloftes van God. Ek leef vasberade in hierdie wêreld, terwyl ek weet dat ek eintlik nie 'n burger van hierdie wêreld is nie. Ek is 'n burger van God se koninkryk, my erfdeel is die nuwe hemel en aarde wat kom.

Dit maak dat ek in my omstandighede met vreugde, vasberadenheid en dankbaarheid kan leef en werk, want ek het iets baie beters om na uit te sien!

Sing: Psalm 119:22, 40 (1936-beryming)

Ds RA Bain (Cachet)